**26 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 133**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 13:34-35**

## Liefde: die onkeerbare geur van reukolie

“Hoe goed is dit - 'n huis vol lieflikhede! - dat broeders woon in onverstoorb're vrede.” Ja, daar waar hulle in liefde en eensgesindheid saamwoon, daar is dit mooi. Luister, dit is soos die geur van die hoëpriester, Aäron. Waar broers so mooi saamwoon, is daar ‘n boodskap wat uitgaan: Die hoëpriester is hier.

Nou weet ons dat ‘n Hoëpriester, wat veel groter as Aäron is, gekom het. Hy is met meer as reukolie gesalf, Hy is met die Heilige Gees gesalf. Ja, Hy is die een wat sy geur, die geur van die lewe, versprei. Hy is die Gesalfde, die Christus.

Wanneer ons as gelowiges mekaar liefhet en die vrede najaag, dan gaan daar ‘n aangrypende boodskap van ons uit, ‘n boodskap onkeerbaar soos die reuk van salfolie: Jesus is hier aan die werk. Dit is my eretaak om na die Heilige Gees van ons Here Jesus te luister. Hy moet my leer om reg saam met my broers en susters in Hom te lewe.

Daar is iets in my wat nie lekker wil ruik nie. Dit wil stink! Dit is my ou mens, die een wat gedurig fout vind; die een wat nie ‘n krapperigheid glad wil maak nie; ja, die een wat eintlik nie die Hoëpriester se offer vir iemand anders gun nie.

Maar, Goddank, iets in my wil lekker ruik! My groot Hoëpriester, Jesus Christus, maak my nuut. Hy maak my ‘n vredemaker wat die lieflike geur van sy lewe versprei.

*Sing: Psalm 133:1-2 (Totius)* *Ds Dirk van ‘t Zand (Pietermaritzburg)*